Welkom!

KOBUS THERON

BEDIENAAR

BOODSKAP VAN GOD

WEES 'N GOEIE VOORBEELD!

Geloof & Boodskap & Beginsels

- **Aspireer, dmv die krag van die inwonende Gees van Christus, om ‘n goeie voorbeeld te wees in elke area van jou lewe:**
  - Beroep (werk)
  - Huwelik
  - Ouerskap
  - Wyer Familie
  - Kerk
  - Gemeenskap
  - Sosiale Kringe

- **Aspireer om ‘n goeie voorbeeld te wees in jou geloofs verhouding met die lewende God:**
  - Geloof in God
  - Gebed
  - Kerk Bywoning
  - Lofprysing & Aanbidding
  - Gehoorsaamheid
    - Opregtheid
    - Afhanklikheid aan die Gees van God

- **Aspireer om ‘n goeie voorbeeld te wees in elke koninkryks beginsel (waarde) wat jy bely jy in glo en verkondig:**
  - Naaste Liefde
  - Eerlikheid & Opregtheid
  - Seksuele Moraliteit
  - Regverdigheid
  - Dienslewering
  - Vrygewigheid
  - Vergifnis
  - Eenheid
  - Hardwerkendheid
  - Gebalanseerde Lewe
  - Nugterheid
  - Nederigheid

- **Aspireer dmv die krag van die inwonende Gees van Christus, om ‘n goeie voorbeeld te wees van:**
  - Beroeps Sukses
  - Huweliks Sukses
  - Ouerskap Sukses
  - Voorkoms
  - Gesondheid
  - Finansiële Voorsiening
  - Konflik Hantering

- **Aspireer om ‘n goeie voorbeeld te wees in alles wat jy begeer en wens ander mense moet ook in glo en praktiseer.**



1Tim.4:12: "Laat niemand jou jonkheid verag nie, maar wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid."

1Pet.5:2,3 "Hou as herders toesig oor die kudde van God, ... ook nie as heersers oor die erfdeel nie, maar as voorbeelde vir die kudde."



1Tim.3:2,3: "'n Opsiener dan moet onberispelik wees, die man van een vrou, nugter, ingetoë, fatsoenlik, gasvry, bekwaam om te onderig ; geen drinker, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie, maar vriendelik ; geen strydlustige, geen geldgierige nie ; een wat sy eie huis goed regeer, ..."

HOEKOM?

‘N GOEIE VOORBEELD

HOEKOM? 1) → DIT HET 'N LEWENS VERANDERENDE KRAG!

- Jou voorbeeldige lewe sal, meer as enige iets anders, ander mense inspireer, beinvloed en oortuig om hulle: geloofsoortuigings, ingesteldhede, beginsels en gedrag te verander.
- Onthou, niks praat harder as 'n goeie voorbeeld.
- Onthou, kinders is natuurlike nabootsers.
- Daarom moet ons eerstens en altyd die verandering wees wat ons in ons wêreld wil sien verander."



2 Kor. 3: 18 "En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is."

HOEKOM? 2) → DIT HET 'N LEWENS ASPIRERENDE KRAG!

- Jou goeie voorbeeld (sukses voorbeelde) sal ander mense inspireer, om ook te kan glo dat hulle aspirasies moontlik is, en om aan te hou om te probeer om dit te bereik.
- VB: Suksesvolle Huwelik /
- VB: Prestasie → Roger Banister
- Jou voorbeeldige lewe (beginsel voorbeelde) sal ander gelowiges met soortgelyke beginsels, ook aspireer om aan te hou om dit te praktiseer.

HOEKOM? 3) → DIT HET 'N LEWENS AFRIGTINGS KRAG!

- Jou goeie voorbeeld sal veroorsaak dat ander mense jou meer respekteer vir wat jy in glo, verkondig en voor staan, en dit sal hulle ook dan inspireer om in groter erns na jou boodskap, beginsels, raad en planne te luister en ag daarop te gee.



Mat. 7: 5 **“Geveinsde, haal eers die balk uit jou oog, en dan sal jy goed sien om die splinter uit die oog van jou broeder uit te haal."**

HOEKOM? 4) → DIT HET 'N GOD VERHEERLIKINGS KRAG!

- Jou goeie voorbeeld sal veroorsaak dat ander mense GOD sien vir wie Hy werklik is en dat Hy dan deur dit verheerlik word.
- Daar is niks wat God voor die mens meer openbaar en verheerlik as 'n mens se voorbeeldige lewe nie.
- Jou lewe moet jou boodskap wees!



Mat. 5: 16 “Laat julle lig so skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik."

HOEKOM? 5) → DIT HET 'N SIELE WENNERS KRAG!

- Jou goeie voorbeeld sal veroorsaak dat ander mense sal sien en oortuig raak dat die God wat jy dien werklik goed, wys en kragtig is, en God sal dit gebruik om ander te beweeg om tot bekering te kom en jou God te dien en te volg.
- Mahatma Gandhi: "I don't reject Christ. I love Christ. It's just that so many of you Christians are so unlike Christ."
- Mahatma Gandhi: "If all Christians acted like Christ, the whole world would be Christians."
- Daarom moet ons lewe ons hoof boodskap wees!

HOEKOM? 6) → DIT HET 'N LEWENS VERRYKENDE KRAG!

- Jou goeie voorbeeld sal veroorsaak dat jy 'n meer deugsame en suksesvolle: lewensmaat, ouer, werker, leier, vriend en burger is.
- Jou voorbeeldige lewe sal veroorsaak dat jy jou volle God-gegewe potensiaal bereik en beleef in elke area van jou lewe.
- Want dit is net die mens wat die wil en beginsels van die Here uitvoer wat werklik die voluit van God se oorvloedige lewe sal beleef.



Mat. 7: 21 **“Nie elkeen wat vir My sê: ‘Here, Here! Sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is."**

Mat. 7: 14 **“Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind."**

→ OPSOMMING:

1) → DIT HET ‘N LEWENS VERANDERENDE KRAG!

2) → DIT HET ‘N LEWENS ASPIREERENDE KRAG!

3) → DIT HET ‘N LEWENS AFRIGTINGS KRAG!

4) → DIT HET ‘N GOD VERHEERLIKINGS KRAG!

5) → DIT HET ‘N SIELE WENNERS KRAG!

6) → DIT HET ‘N LEWENS VERRYKENDE KRAG!

→ AFSLUITING:

Die Kerk en die Wêreld het nou, meer as ooit, nodig dat die ware kinders van God die voorbeeldige rol modelle word op elke gebied van die lewe.

Rom.8.19: "Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God."

Kom ons aspireer om met vrymoedigheid soos Apostel Paulus te kan sê: "Wees my navolgers, soos ek dit ook van Christus is." (1Kor.11:1)

→ PERSOONLIKE UITDAGING

1) → Is jy bereid om nou voor God ‘n lewenslange besluit en belofte te maak om ‘n te aspireer, om dmv Sy krag, ‘n goeie voorbeeld te wees van die geloof en die boodskap wat jy verkondig?

2) → Is jy nou bereid om voor God ‘n besluit en belofte te maak om te stop om daardie dinge te doen waarvan jy nou oortuig is jy nie ‘n goeie voorbeeld is nie?